



TELEMATIESE ONDERRIGPROJEK

2017

GRAAD 12 AFRIKAANS HUISTAAL

BRONMATERIAAL

VRAESTEL 1:

AFD. A – LEESBEGRIP &

AFD. C – TAALSTRUKTURE

VRAESTEL 2: AFD. A – GEDIGTE

Liewe Graad 12-leerder

Jy is nou al vertrouwd met die Telematiese onderrigprojek en weet dat dit nie die klaskameronderrig of jou onderwyser kan vervang nie. Dit dien slegs as ekstra ondersteuning om dit wat die onderwyser gedurende gewone klastyd doen, vas te lê. Die projek sal dus ook nie die hele Graad 12 sillabus dek nie, maar slegs op die volgende fokus:

Vraestel 1: Afdeling A – Leesbegrip en Afdeling C – Taalstrukture

Vraestel 2: Afdeling A – Gedigte

Die lesse sal aangebied word aan die hand van die inligting, leerwerk en voorbeeldvrae wat in hierdie bronmateriaal saamgevat is. Die antwoorde van die voorbeeldvrae sal aan jul onderwysers beskikbaar gestel word en ook op die WKOD se ePortaal gelaai word.

Bring die bronmateriaal saam na elke Telematiese uitsending en gebruik dit ook wanneer jy vir toetse en eksamens oor hierdie aspekte voorberei. Die uitsendings vir Afrikaans Huistaal vind op die volgende dae en tye plaas:

Datum	Tyd	Onderwerp
Woensdag 24 Mei	15:00 – 16:00	Vraestel 1, Afd. A – Leesbegrip
Woensdag 31 Mei	16:00 – 17:00	Vraestel 1, Afd. C – Taalstrukture
Woensdag 16 Augustus	15:00 – 16:00	Gedigte: - Twee kleuters in die Vondelpark - Die sagte sprong
Woensdag 23 Augustus	15:00 – 16:00	Gedigte: - Besoekersboek - Oupa Thomas Daniel Granfield

Die lesse word aangebied deur kundige onderwysers wat spesiaal vir hierdie onderrigprojek aangestel is. Die sukses van die projek, en ook jou eie sukses, sal afhang van hoe jy aan die onderrig deelneem en hoe jy in jou studietyd verder sal werk aan dit wat in die onderrig na vore gekom het.

Die DVD's van vorige Telematiese lesse (2010 tot 2015) behoort by jou skool te wees of jy kan dit verkry deur EDUMEDIA by (021) 689 9536 te skakel.

Onthou: Jou matriekjaar is nie die laaste jaar van jou lewe nie; liever die begin van die res van jou lewe. Maak dit 'n goeie begin!

Alles van die beste.

C. J. Banda

Senior Kurrikulumbepanner: Afrikaans (VOO)

18 April 2017

VRAESTEL EEN

AFDELING A: LEESBEGRIP

VOORBEELDVRAAG: NSS AFRIKAANS HUISTAAL VRAESTEL 1, NOVEMBER 2015

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS A: ARTIKEL

DIE LEES VAN LUGKASTELE

Donnay Torr delf dieper in die nuuttjie van sogenaamde JVL of Jongvolwasseneliteratuur, wat die wêreld aan't gons het.

- 1 Dit gebeur gereeld: my ander helfte wat kreun wanneer hy my met die nuutste jongvolwasseneboek vang: "Nie nóg een nie! Lees 'n bietjie 'n saketydskrif! Of so iets."
- 2 Ek kan dit nie verhelp nie. Die lees van JVL is soos om 'n ander soort lugkasteel te bou. Dit is dagdrome oor dinge en mense wat kon gewees het, wat was en wat is.
- 3 My verslawing is nie uniek nie – tussen 2002 en 2012 het die verkope van JVL met meer as 120% gegroei. Luidens 'n 2014-Nielsenverslag is meer as 715 miljoen kinder- en jongvolwasseneboeke in 2013 verkoop. Die JVL-kopers dra interessante baadjies: 22% is tussen 13 en 17 jaar oud, terwyl 77% ouer as 18 is. En 35%, die grootste marksegment, is mense tussen die ouderdom van 18 en 29 jaar.
- 4 Volgens Simone Hough, kinder-en-jeugboek-uitgewer by Human & Rousseau, is daar 'n wêreldwye tendens van groei in verkope van JVL. "Dit is iets wat oor die afgelope jare aangevuur is deur gewilde tienerreekses soos *Harry Potter*, *The Hunger Games*, *Divergent* en diesulkes. Alhoewel dit eintlik jeugboeke is, word hulle ook deur volwassenes gelees, wat verkope natuurlik sterk beïnvloed."
- 5 JVL is nie noodwendig 'n genre opsigself nie, maar eerder 'n kategorie waarby jonger lesers aanklank moet vind. Dit moet kategorieë van magiese realisme, fantasie en realisme insluit. Die intrige moet 'n aktuele tema aanspreek sonder om noodwendig bladsye en bladsye lank te wees. Die skryfstyl is oppervlakkig of diepsinnig.
- 6 Jaco Jacobs, skrywer en senior uitgewer: kinder- en jeugboeke by LAPA Uitgewers, meen die interpretasie van wat met JVL bedoel word, kan probleme gee. "Grense tussen genres is nie naastenby so duidelik soos wat literatore en uitgewers ons wil laat glo nie. Ek verkies, dáárom, om na boeke vir lesers tussen ongeveer 12 en 16 as tienerliteratuur te verwys, en na boeke vir lesers van 16 tot 18 jaar as JVL."

7	Waarom is JVL, gemik op so 'n relatief jong demografie, dan so gewild onder veral volwassenes?
8	“JVL word op só 'n manier geskryf dat dit vol intrige is, baie genotvol, en dikwels verrassend, sonder om uitputtend of uit die hoogte te wees. Dit is 'n wêreld of wêreldde waarheen 'n mens kan ontsnap wanneer die druk en stres van die volwasse lewe 'n bietjie opsy geskuif moet word,” sê Nico Bruinette, 'n kwalitatiewe analis. Reklamekoördineerder, Alé Smith, is oortuig dat JVLskrywers nog stories vertel. Die slimmes het vergeet om stories te vertel.
9	Jaco kan aan twee redes vir dié gewildheid dink: “Eerstens, die feit dat daar die afgelope dekade regtig sterk, vernuwende boeke wat baie media-aandag gekry het, in hierdie genre verskyn het en tweedens die sterk fokus wat daar wêreldwyd op jongmense en jongmenskultuur is.”
10	Volgens Tarryn Talbot-Da Costa, reklamekoördineerder by Pan Macmillan, is JVL met metafore vir “regte wêreld”-probleme gevul. “Dalk dien dit as 'n literatuurkaart om jongmense deur hulle grootwordjare en volwasse lewe te help lei. Dikwels gee dit oplossings vir problematiese kwessies wat deur die samelewing verswyg word; dit skep ook scenario's wat jou leer hoe om netelige emosies te hanteer. Die storielyn dwing dikwels die lesers om onbekende terreine te verken, emosioneel betrokke te raak en ideologieë te bevraagteken: te dink oor wat 'n boek die moeite werd maak om te lees. Meer en meer titels het nie meer gelukkige eindes nie, maar eindig met 'n boodskap van hoop en dinge om voor te veg.”
11	Die suksesvolste JVL wentel om universele temas: liefde, om te behoort, anders wees/nie inpas nie, die hantering van hartseer, woede en pyn. Dis dinge wat ons almal raak, verpak in 'n meesleurende storielyn en karakters vir wie ons kan omgee. Die skrywer moet die wêreld deur die oë van die jong volwassene kan sien en seker maak die verhoudings tussen karakters is net so 'n groot deel van die spanningslyn as die opeenvolging van gebeure. Dit verseker goeie JVL.
12	Is daar enige temas wat taboe is vir JVL, veral in Afrikaanse JVL? Jaco dink nie so nie. “Afrikaans is veel minder behoudend as wat mense dink – seks, dwelms en geweld is alles temas wat al in Afrikaans oopgeskryf is. Ek hou nie baie van die fokus wat daar op ‘taboes’ in die jongmense literatuur geplaas word nie – dit is asof mense hierdie taboes as maatstaf van die vernuwing of gehalte van 'n boek gebruik. Dit skep die gevaar dat skrywers voel hulle moet iets omstrede skryf om in hierdie genre raakgesien te word. Dit is nié die geval nie.”
13	Een ding is seker: die gewildheid van JVL het 'n positiewe uitwerking op die kweek van 'n leesekultuur. JVL word die brug tussen tienerboeke en volwasse literatuur. JVL verseker dus dat jong lesers 'n lewenslange liefde vir lees ontwikkel.

[Aangepas uit *TAALGENOOT*, Somer 2015]

- 1.1 Herlees die subopskrif van die teks. (1)
- 1.1.1 Waarna verwys *die nuutjie*? (1)
-
- 1.1.2 Watter konnotasie word aan die onderstreepte frase geheg? (1)
-
- 1.2 Watter emosie dink jy ervaar die skryfster se eggenoot in paragraaf 1? (1)
-
- 1.3 In paragraaf 2 gebruik die skryfster die beeld van 'n *lugkasteel*. Gee TWEE betekenis wat sy aan die beeld heg. (2)
-
- 1.4 Hoekom gebruik die skryfster die statistiek in paragraaf 3? (2)
-
- 1.5 Simone Hough se uitsprake in paragraaf 4 is gesaghebbend en geloofwaardig. Motiveer hierdie stelling uit die teks. (2)
-
- 1.6 Watter vereistes word volgens paragraaf 5 gebruik om 'n boek as JVL te klassifiseer? (4)
-
- 1.7 Waarom veroorsaak die omskrywing van JVL volgens Jaco Jacobs, in paragraaf 6, probleme? Watter oplossing gebruik hy om dié verwarring te oorkom? (3)
-
- 1.8 Watter geïmpliseerde boodskap dra Nico Bruinette in paragraaf 8 oor? (1)
-
- 1.9 Waarom, dink jy, is daar deesdae in boeke en rolprente so 'n sterk fokus op jongmense en hul kultuur? (1)
-


- 1.10 Herlees paragraaf 10.
Stem jy saam met die siening dat JVL as 'n *literatuurkaart* gesien word wat jongmense deur hul grootwordproses help lei? Gee redes vir jou antwoord na aanleiding van paragraaf 10. (2)

- 1.11 Lewer krities kommentaar op die aktualiteit van enige DRIE van die temas wat in paragraaf 11 ten opsigte van JVL genoem word. (3)

- 1.12 Na watter wanpersepsies word in paragraaf 12 verwys? (2)

EN

TEKS B: VISUELE TEKS



- 1.13 Hoekom is die ellips in die meisietjie se gedagtes effektief? (1)

- 1.14 Paragraaf 12 van TEKS A verwys na drie temas wat taboe is.
Gebruik TEKS B en identifiseer DRIE ander sake wat, indien dit oordryf word, verkeerd is. Motiveer elke keer. (3)

- 1.15 TEKS B ondersteun die laaste sin van TEKS A. Motiveer hierdie stelling. (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

WOORDSOORTE *

Selfstandige naamwoord (s.nw.)

Betekenis:	Gewoonlik een of ander ding, persoon, plek, saak, eienskap of gebeurtenis. (kan konkreet of abstrak wees)
Toets(e):	1. Kan daar 'n die of ' n voor die woord staan? 2. Het die woord 'n meervoudsvorm of 'n verkleiningsvorm?
Voorbeelde:	<ul style="list-style-type: none"> • <i>stoel</i> > <i>die stoel</i>; <i>stoele</i>, <i>stoeltjie</i> • <i>hondehok</i> > '<i>n hondehok</i>; <i>hondehokke</i>, <i>hondehokkie</i>
Subkategorieë:	<ul style="list-style-type: none"> • Soortnaam = konkrete dinge wat getel kan word (<i>stoel</i>; <i>hondehok</i>; <i>Suid-Afrikaner</i>) • Eienaam = spesifieke persone, plekke, organisasies, publikasies, ens.; neem gewoonlik nie meervoud nie (pleknaam = <i>Oranjerivier</i>; organisasienaam = <i>Microsoft</i>; publikasienaam = <i>Die Burger</i>); met 'n hoofletter geskryf • Massanaam = goed wat eintlik nie getel kan word nie; neem meestal nie meervoud nie (<i>vleis</i>; <i>goud</i>) • Maatnaam = beskryf 'n afgemete deel van 'n massanaam (<i>twee kilogram vleis</i>; '<i>n sak goud</i>) • Abstrakte selfstandige naamwoord = ontasbare dinge (<i>liefde</i>; <i>godsdienst</i>) • Versamelnaam = beskryf 'n groep soortname (<i>skool</i> <i>visse</i>; <i>trop</i> <i>skape</i>)
Verkleining van woorde wat op –ng eindig <ul style="list-style-type: none"> ✓ Eenlettergrepige woorde soos ring, ding, kring: kry –etjie (ringetjie, dingetjie, kringetjie) ✓ Meerlettergrepige woorde soos koning, piesang, vergadering: <ul style="list-style-type: none"> • Onthou sin: Koning trap gogga dood. (Die K is magtiger as die g) • Trek g deur; skryf k in plek daarvan neer. • Voeg –ie agteraan. • Dus: koning; konink; koninkie✓ piesang; piesank; piesankie vergadering; vergaderink; vergaderinkie • Moenie die meervoud vergeet nie. 	

Werkwoord (ww.)

Betekenis:	Gewoonlik een of ander aksie of proses (al kan dit soms abstrak wees)
Toets(e):	1. Kan jy hy of sy voor die woord gebruik (m.a.w. kan iemand dit doen of uitvoer)? 2. Het die woord 'n verledetydsvorm?
Voorbeelde:	<ul style="list-style-type: none"> • <i>speel</i> > <i>hy speel</i>; <i>het gespeel</i> • <i>ruik</i> > <i>sy ruik</i>; <i>het geruik</i>
Subkategorieë:	<ul style="list-style-type: none"> • Hoofwerkwoord/ Selstandige werkwoord <ul style="list-style-type: none"> ○ Oorganklike hoofwerkwoord = met 'n voorwerp in die sin (<i>hy eet pap</i>; <i>sy kweek groente</i>) ○ Onoorganklike hoofwerkwoord = sonder 'n voorwerp in die sin (<i>hy eet lekker</i>; <i>sy stap graag</i>)

- **Deeltjiewerkwoorde** = skeibare werkwoorde (*hy eet sy pap op* - *hy sal sy pap opeet*); kan skeibaar of onskeibaar gebruik word
- **Koppelwerkwoord** = koppel die onderwerp aan 'n eienskap (*hy word 'n onderwyser, sy is skatryk*) (*is/was, word; lyk; skyn; blyk; ens.*)
- **Hulpwerkwoorde:**
 - **Hulpww. van tyd** = *het; sal* (*hy het sy pap geëet; sy sal haar groente eet*)
 - **Hulpww. van vorm** = in die lydende vorm; *is;word* (*die kos word geëet; die drie is gedruk.*)
 - **Hulpww. van wyse** = kan/mag/moet/sal/wil/laat/gaan (*hy kan hardloop; sy wil speel; ons gaan eet*)


Deelwoorde

- ✓ Soos die naam aandui, is 'n deelwoord eintlik 'n woord wat deels 'n werkwoord en deels 'n ander woordsoort is. Dit kan byvoorbeeld 'n selfstandige of byvoeglike naamwoord, 'n bywoord of 'n ander werkwoord wees.
- ✓ Daar is twee soorte: voltooide (verlede) en onvoltooide (teenwoordige)
- ✓ **Teenwoordige (Onvoltooide) deelwoorde**
 - Ons gebruik teenwoordige deelwoorde as die aksie nog besig is om plaas te vind. Ons voeg dan **-ende** of **-end** aan die einde van die woord. Byvoorbeeld:
 - *Sy is horende doof.*
 - *Afrikaans is 'n beskrywende taal.*
 - *Sy het 'n hartverskeurende verhaal vertel.*
 - Net die woorde *doen, gaan, sien, slaan, staan* (en hulle afleidings) kry **-de**. Byvoorbeeld:
 - *Maak seker die oond is warm, sodoende word die kos gaar.*
 - *Die bestaande stelsel werk nie.*
 - Wanneer die byvoeglike naamwoord egter ná die selfstandige naamwoord staan, kry die woord nie 'n **-e** aan die einde nie. Byvoorbeeld:
 - *Afrikaans is baie beskrywend.*
 - *Haar verhaal was hartverskeurend.*
 - Let op 'n paar uitsonderings soos:
 - *versag* - **versagtende** omstandighede
 - *liefhê* - **liefhebbende** moeder
 - *sê* - **veelseggende** glimlag
 - *vertroos* - **vertroostende** drukkie
- ✓ **Verlede (voltooide) deelwoorde**
 - Wanneer die aksie reeds plaasgevind het, vorm 'n mens die beskrywende woord deur *ge-* vooraan en *-de, -te* of *-e* agter aan die woord te voeg.
 - Daar is twee soorte verlede deelwoorde: **sterk** en **swak**
 - **Sterk verlede deelwoorde** kry gewoonlik 'n klankverandering. Byvoorbeeld:
 - *Hulle woon in 'n gesogte woonbuurt.*
 - Die **swak verlede deelwoorde** kry nie 'n klankverandering nie en word meestal in 'n letterlike betekenis gebruik. Byvoorbeeld: *Die gesoekte misdadiger is nog nie gevind nie.*
 - As die woord op **k** of **p** eindig, kry dit **ge+-te**. Byvoorbeeld:
 - *(kook) water word gekookte water*
 - *(kap) hout word gekapte hout*
 - As die woord op **f, g** of **s** eindig, kry dit **ge+-te** of **ge+-de**. Byvoorbeeld:
 - *(afstof) boekrak word afgestofte of afgestofde boekrak*
 - *(droog) vrugte word gedroogte of gedroogde vrugte*
 - *(was) skoene word gewaste of gewasde skoene*

Byvoeglike naamwoord (b.nw.)

Betekenis:	Beskryf 'n eienskap van 'n selfstandige naamwoord
Toets(e):	<ol style="list-style-type: none"> 1. Kan dit voor 'n naamwoord staan, asook ná die koppelwerkwoord en steeds iets sê oor die naamwoord? 2. Het die woord trappe van vergelyking?
Voorbeelde:	<ul style="list-style-type: none"> • <i>kort</i> > 'n kort rok - die rok is kort; kort - korter - kortste • <i>opgewonde</i> > die opgewonde gehoor - die gehoor is opgewonde; opgewonde - meer opgewonde - die mees opgewonde
Subkategorieë:	<ul style="list-style-type: none"> • Attributief = staan saam met die naamwoord, meestal voor die naamwoord ('n kort rok; die opgewonde gehoor) • Predikatief = staan saam met (gewoonlik ná) die koppelwerkwoord (<i>die rok is kort; die gehoor is opgewonde</i>)

Trappe van vergelyking



- ✓ In die meeste gevalle:
 - Vergrotend = woord + er
 - Oortreffend = woord + ste
- ✓ Woorde op **e-uitgang** kry **meer** en **mees**
- ✓ Gee **net** die antwoord; die eerste een word nagesien
- ✓ Jy moet die antwoorde korrek spel bv. **Woesste**
- ✓ Dubbele trappe van vergelyking (**mees** interessant**ste**, **meer** bekender) is **verkeerd**.

Onreëlmatige trappe van vergelyking:

Stellend	Vergrotend	Oortreffend
graag	liewer	(die) graagste
bietjie/weinig	minder	die minste
kwaad	kwater	die kwaadste
bekaf	meer bekaf	die bekafste

Intensiewe vorme

- ✓ Intensiewe vorme is byvoeglike naamwoorde in die versterkende graad. Dink aan die Intensiewe Sorgeneid (Engels: ICU) in 'n hospitaal.
- ✓ Moenie verwar met trappe van vergelyking nie!
- ✓ Onthou: Ons skryf hierdie vorm altyd vas(as een woord), behalwe by **wawyd oop** en **nugter wakker**.
- ✓ Skryf jou antwoord só neer dat die nasiener nie moet twyfel of dit los of vas is nie.
- ✓ Voorbeelde: doodhonger; wondermooi; hemelhoog; plankdun; rietskraal; windskeef; broodnodig; propvol; stampvol; dolgelukkig; engelrein Gaan na: https://af.wikipedia.org/wiki/Intensiewe_vorm#Afrikaans vir nog voorbeelde.
- ✓ Oppas vir verboë vorm, bv. 'n hemelhoë boom

Bywoord (bw.)

Betekenis:	Beskryf die werkwoord of 'n byvoeglike naamwoord
Toets(e):	1. Beantwoord dit die vraag: "Hoe + ww./b.nw."? 2. (Sommiges kan trappe van vergelyking neem)
Voorbeelde:	<ul style="list-style-type: none"> • <i>vinnig</i> > <i>hy hardloop vinnig</i> (Hoe hardloop hy? <i>vinnig</i>) • <i>besonder</i> > <i>sy is besonder mooi</i> (Hoe mooi is sy? <i>besonder</i>)
Subkategorieë:	Daar is verskillende soorte bywoorde, waaronder: <ul style="list-style-type: none"> • bywoorde van tyd (<i>môre; gister</i>); • bywoorde van plek (<i>hier; daar</i>); • bywoorde van wyse (<i>vinnig; trapsgewys</i>); • bywoorde van graad (<i>besonder; baie; erg</i>); • bywoorde van modaliteit (<i>miskien; dalk; nie; nooit</i>)

Voornaamwoord (vnm.) [**B P Bou** Alle Onderdele Oorse Waar Werkers Vinnig (is)]

Toets(e):	1. Persoonlike voornaamwoord: Kan dit in die plek van 'n naam staan? 2. Besitlike voornaamwoord: Kan dit in die plek van "X se" staan?
Voorbeelde:	<ul style="list-style-type: none"> • <i>hy</i> > <i>hy speel = Piet speel</i> • <i>haar</i> > <i>haar boek = Fatima se boek</i>
Subkategorieë:	<ul style="list-style-type: none"> • Besitlike voornaamwoord = <i>my/myne; jou/joune; sy/syne; haar/hare; ons; julle; hulle</i> • Persoonlike voornaamwoord = <i>ek; jy; hy; sy; dit; ons; julle; hulle</i> • Betreklike voornaamwoord = <i>wat; wie; wie se</i> <ul style="list-style-type: none"> ○ WIE kan slegs saam met 'n voorsetsel gebruik word of in 'n vraag en dan verwys dit altyd na mense bv. Die man <u>met WIE</u> ek praat, is my oom. ○ Gebruik altyd die voornaamwoord WAT as dit op mense, diere of dinge betrekking het, bv. Die man <u>WAT</u> daar loop, is siek. • Aanwysende voornaamwoord = <i>hierdie; daardie; dié</i> • Onbepaalde voornaamwoord = <i>niemand</i> • Onpersoonlike voornaamwoord = <i>dit</i> (bv. <u>Dit</u> reën) • Wederkerende voornaamwoord = <i>myself; jouself; homself; haarself; onself; julleself; hulleself</i> [Onthou: enkelvoud] • Wederkerige voornaamwoord = <i>mekaar</i> [Onthou: meervoud] • Vraende voornaamwoord = <i>wie; wat; waar; wanneer; wie se; waarom; hoe; hoekom</i>

Lidwoord (lw. / lidw.)

Betekenis:	Bepaal 'n naamwoord
Toets(e):	1. Is dit <i>die</i> of 'n'?
Voorbeelde:	<ul style="list-style-type: none">• <i>die</i>• 'n• <i>de/den/der/des</i> (slegs in versteende Afrikaanse uitdrukkings)
Subkategorieë:	<ul style="list-style-type: none">• Bepaalde lidwoord = <i>die</i>• Onbepaalde lidwoord = 'n

Telwoord (telw.)

Betekenis:	Dui aantal of rangorde aan
Toets(e):	1. Kan jy dit in syfers uitdruk? Hooftelwoord (Onbepaalde hooftelwoorde kan nie in syfers uitgedruk word nie.) 2. Dui dit 'n rangorde aan? Rangtelwoord (Engels: "ordinal number")
Voorbeelde:	<ul style="list-style-type: none">• <i>sewentien</i> > 17• <i>derde</i> > 3de
Subkategorieë:	<ul style="list-style-type: none">• Bepaalde hooftelwoord = <i>een; twee; drie; ...</i>• Onbepaalde hooftelwoord = <i>baie; talle; horde; ...</i>• Bepaalde rangtelwoord = <i>eerste; tweede; derde; ...</i>• Onbepaalde rangtelwoord = <i>laaste; soveelste; ...</i>

Voegwoord (voegw.)

Betekenis:	Skakel twee sinne of sinsdele aan mekaar
Toets(e):	1. Kan jy twee sinne maak as jy die voegwoord verwyder?
Voorbeelde:	<ul style="list-style-type: none">• <i>en</i> > Johan en Fikile het in die ry gestaan = Johan het in die ry gestaan + Fikile het in die ry gestaan• <i>terwyl</i> > Johan het in die ry gestaan, terwyl Fikile kos gaan koop het = Johan het in die ry gestaan + Fikile het kos gaan koop• Hy staan vroeg op, dog sy broer slaap laat. (Let op die komma voor en die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Hy staan vroeg op. Sy broer slaap laat.]• Hy is nie slim nie; tog presteer hy baie goed. (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Hy is nie slim nie. Hy presteer baie goed.]• Sy kan nie optree nie, aangesien sy met vakansie is. ((Let op die komma voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Sy kan nie optree nie. Sy is met vakansie.]• Ek gaan dit nie doen nie, tensy jy my help. (Let op die komma voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord. Let ook op dat die eerste deel van die sin negatief/ontkennend is en die tweede deel positief. <i>tensy</i> = behalwe as) [Sinne: Ek gaan dit nie doen nie. Jy help my.]• Jy moet jou werk leer, tensy jy nie wil slaag nie. (Let op dat die eerste deel van die sin positief is en die tweede deel negatief/ontkennend.) [Sinne: Jy moet jou werk leer. Jy wil nie slaag nie.]• Hy is nie siek nie; intendeel, hy is perdfris. (Let op die kommapunt voor en die komma ná asook die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Hy is nie siek nie. Hy is perdfris.]• Hy was siek; nogtans het hy gespeel. (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Hy was siek. Hy het gespeel.]• Sy motor het gebreek; derhalwe kon hy nie die funksie bywoon nie. (Let op die kommapunt voor en die omgekeerde woordorde ná die voegwoord)

	<p>[Sinne: Sy motor het gebreek. Hy kon nie die funksie bywoon nie.]</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hy is voor op die wa; sy broer, daarenteen, is baie beskeie. (Let op die plasing van die leestekens en die woordorde) [Sinne: Hy is voor op die wa. Sy broer is baie beskeie.] • Sy het niks oor die toets gesê nie; trouens sy wil nie daaroor praat nie. (Let op die kommapunt voor en die normale woordorde ná die voegwoord) [Sinne: Sy het niks oor die toets gesê nie. Sy wil nie daaroor praat nie.] • Dit het gereën; gevolglik kon ons nie buite speel nie. [Sinne: Dit het gereën. Ons kon nie buite speel nie.]
Subkategorieë:	<ul style="list-style-type: none"> • Neweskikkende voegwoorde = behou onafhanklike woordvolgorde (daar is slegs ses neweskikkende voegwoorde: <i>en; maar; want; of; asmede; dog</i>) • Onderskikkende voegwoord = het afhanklike woordvolgorde tot gevolg; dit is al die ander voegwoorde (<i>terwyl; indien; mits; nadat; omdat; ...</i>)

* Inligting gedeeltelik van *Beter Afrikaans* verkry

SINSLEER

Byvoeglike bepaling

- ✓ Een woord of groep woorde sonder 'n werkwoord; Meer inligting oor onderwerp of voorwerp (naamwoord)
- ✓ **Wenk:** As jy gevra word om 'n sin met 'n **byvoeglike bepaling** uit te brei
 - begin deur die woord "**met**" onmiddellik na die onderwerp of voorwerp te skryf, byvoorbeeld *Die man lees 'n boek.* → *Die man **met die groen trui** lees 'n boek.*
 - skryf 'n byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord, byvoorbeeld: *Die seun eet appels.* → *Die **stout** seun eet appels.*

Bywoordelike bepaling

- ✓ Een woord of groep woorde sonder 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Meer inligting oor gesegde/ werkwoordelike deel: **hoe?, wanneer?, waar?, waarom?**
- ✓ Onthou: bywoordelike bepaling moet een van bg. vrae beantwoord
*bv. Die seun eet appels **gulsig**. (hoe)*
*Die seun eet **elke dag** appels. (wanneer)*
*Die seun eet appels **by die huis/buite**. (waar)*
*Die seun eet appels **vir die lekkerte**. (waarom)*
- ✓ Die bywoordelike bepaling van modaliteit is anders as dié van manier, plek, tyd en rede omdat dit nie net na die gesegde verwys nie, maar na die hele sin. bv. Die seuns hardloop **beslis**.

Byvoeglike bysin

- ✓ Groep woorde met 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Dit brei die onderwerp of die voorwerp van die hoofsin uit, Die man **wat daar loop**, is my oom.
- ✓ **Wenk:** As jy gevra word om 'n sin met 'n byvoeglike bysin uit te brei, begin met die woord "wat", bv. Die man wat die groen trui dra, lees 'n boek.

Bywoordelike bysin

- ✓ 'n Groep woorde met 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Dit brei die gesegde van die hoofsin uit: **wanneer?, waar?, waarom? hoe?**
- ✓ Onthou: bywoordelike bysin moet een van bg. vrae beantwoord
- ✓ *Bv. Die seun eet appels **terwyl die son skyn**. (wanneer)*
*Die seun eet appels **waar niemand hom sien** nie. (waar)*
*Die seun eet appels **omdat hy daarvan hou**. (waarom)*
- ✓ **Die bywoordelike bysin van modaliteit** is anders as dié van manier, plek, tyd en rede omdat dit nie net na die gesegde verwys nie, maar na die hele sin. bv. Dit sou beter gesmaak het **as ek nie so trommeldik geëet was** nie.

Gesegdesin

As die hoofsin se gesegde 'n koppelwerkwoord is, is die bysin 'n gesegdesin, bv. Dit lyk (koppelww.) **of hy die skelm is.**

Onderwerpsin

- ✓ Dit is 'n bysin wat in sy geheel as onderwerp van die hoofsin optree, bv. **Wat jy doen**, is nie altyd reg nie.
- ✓ As DIT die onderwerp van die hoofsin is en die bysin kan in die plek van DIT gelees word, is die bysin ook 'n onderwerpsin, bv.
Dit is onmoontlik **dat ek met Afrikaans kan sukkel.**

↓
Onderwerpsin

Voorwerpsin

- ✓ Die bysin tree as voorwerp van die sin op, bv. Hy dink hy sal slaag.
Onderwerp Gesegde Voorwerpsin
- ✓ Wanneer 'n vraagsin met WAT van die hoofsin gevorm word en die bysin is 'n antwoord op die vraag, is die bysin 'n voorwerpsin, bv.
Sy vra = Hoofsin; Sy vra WAT? = 'n Vraagsin wat van die hoofsin gevorm is.
Sy vra hoe laat hulle kom. = Die onderstreepte sinsdeel is die **voorwerpsin**.

Ontkennende vorm

- ✓ In Afrikaans gebruik ons die dubbele *negatief*, bv. Ek gaan **nie** nou slaap **nie**. Die woorde **geen, g'n, nooit, niks, niemand, nêrens en geeneen** kry ook 'n **nie** aan die einde van die sin, bv. **Niemand** kom by ons kuier **nie**.
- ✓ Onthou: As jy 'n vraagsin in die ontkennende vorm moet skryf, moet jou antwoord ook 'n vraagsin wees. Die sin: **Het jy al ooit so iets gesien?** word in die ontkennende vorm: **Het jy nog nooit so iets gesien nie?**
- ✓ Leer die volgende veranderinge:

al/ reeds	-	nog nie
ooit	-	nooit
al ooit	-	nog nooit nie
iemand	-	niemand
êrens	-	nêrens
altyd	-	nie altyd nie OF nooit nie
nog/steeds	-	nie meer nie
òf...òf	-	nòg... nòg
alles	-	niks nie/ nie alles... nie
almal/iemand	-	niemand nie/ nie almal ... nie
al iets	-	nog niks nie

BELANGRIK: Moenie **nie** saam met werkwoorde soos *belet, keer, voorkom, verbied, verhinder* en *verhoed* gebruik nie, bv.

Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak afruk. ✓

[VERKEERD: Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak **nie** afruk **nie**. x **EN**

Die twee werkers het aan die dak vasgeklou om te keer dat die wind die dak afruk **nie**. x]

Direkte en Indirekte Rede

- ✓ Die Direkte Rede bevat 'n persoon se **direkte woorde presies** soos hy/sy dit gesê en bedoel het. Die Indirekte rede is 'n **oorvertelling** van **presies** wat 'n persoon gesê en bedoel het. DIE BETEKENIS VAN DIE SIN BLY DUS DIESELFDE.

Hoe om van die Direkte na die Indirekte Rede oor te skryf:

1. Behou die tydsvorm.
2. Sit die voegwoord “dat” by.(OPSIONEEL)
3. Laat die dubbelpunt weg.
4. Laat die aanhalingstekens weg.
5. Verander die woorde wat moet verander:

ek, jy, jou	—————>	hy/sy/haar
ons	—————>	hulle
julle	—————>	hulle
my	—————>	sy/haar
myne/joune	—————>	syne/ hare
gister	—————>	die vorige dag
môre	—————>	die volgende dag
vandag	—————>	daardie dag
verlede week	—————>	die vorige week
môreoggend	—————>	die volgende oggend
hierdie	—————>	daardie
ons s'n, julle s'n	—————>	hulle s'n
volgende jaar	—————>	die jaar daarna
oormôre	—————>	twee dae later
eergister	—————>	twee dae gelede/tevore
nou	—————>	toe
hier	—————>	daar
vanaand	—————>	daardie aand
6. Omskryf die volgende: (LEI DIE GEVOEL UIT DIE SIN AF.)

VAN (direkte rede)	NA (indirekte rede)
asseblief	vra hoflik
dankie	bedank
Ai!	sug
Eina!	skree van die pyn
Sjoe!	sug
Ag nee!	teleurgesteld

7. Voeg woorde in wat nodig is sodat die sin reg kan lees.
8. Sorg dat die woordorde reg is.

Lydende (passief) en bedrywende (aktief) vorm

- ✓ Bedrywend = Onderwerp – Voorwerp (OV); Lydend = Voorwerp – Onderwerp (VO)
- ✓ Die nuwe sin se **betekenis** en **tyd** moet dieselfde bly.
- ✓ Voorwerp en onderwerp ruil posisies
- ✓ **Wenk: Gee aandag aan die omskakeling van veral die gesegdes:**

Bedrywende vorm	Lydende vorm
Teenwoordige tyd: Ek eet 'n appel.	'n Appel word geëet.
Vertede tyd: Ek het 'n appel geëet.	'n Appel is geëet.
Toekomende tyd: Ek sal 'n appel eet.	'n Appel sal (deur my) geëet word.
- ✓ **Onthou:** **Die Bedrywende** vorm begin met die onderwerp van die sin, bv. Jan (= die onderwerp) eet 'n appel.

Die Lydende vorm begin met die voorwerp van die sin, bv. 'n Appel (= die voorwerp) word deur Jan geëet.
- ✓ Indien jy 'n sin wat in die **verlede tyd** staan in die **lydende vorm** moet skryf, moet jy **ALTYD** die werkwoord **is** gebruik. (Die seuns **het** gatbys **geëet**. Gatbys **is** deur die seuns **geëet**.)
- ✓ As daar in die bedrywende vorm nie 'n direkte voorwerp is nie, moet jy in die lydende vorm met **DAAR** begin, bv. Die kinders werk. **DAAR** word deur die kinders gewerk.

Sinswyse

Onbepaalde wyse (Infinitief)

- ✓ Dit is die vorm van die selfstandige werkwoord wat nie altyd spesifiek aandui dat die handeling deur iets of iemand verrig word nie. Die infinitief word gewoonlik **ná te** of **om te** gebruik, bv.
 - Dis lekker **om te swem**. (Die infinitief is swem)
 - Jy hoef nie **te kom** nie. (Die infinitief is kom)
 - (**Om te**) **Slaap** is noodsaaklik vir goeie gesondheid. (Die infinitief is slaap.)

Aantonende / aanwysende wyse

- ✓ Dit stel 'n handeling as **werklikheid** voor in die hede, verlede en toekoms, bv.
 - Ek eet 'n peer.
 - Ek het 'n peer geëet.
 - Ek sal 'n peer eet.

Aanvoegende / toevoegende wyse

- ✓ Die handeling is nie soos by die aantonende wyse 'n werklikheid nie, maar 'n **moontlikheid, waarskynlikheid of wenslikheid**, bv.
 - Hy mag dalk die werkstuk voltooi./ Hy sal seker nog die werkstuk voltooi.
 - Mag jou poging suksesvol wees!
 - As ek 'n miljoen rand wen... / Was ek maar 'n miljoenêr ...

Gebiedende wyse

- ✓ Die handeling word as 'n **bevel, verlange, bede** of **versoek** voorgestel, bv.
Was die hond! Laat my asseblief gaan!

Vraende wyse

- ✓ Dit word deur 'n **vraagsin** aangedui, bv. Sal julle die werk doen?

VOORBEELDE VAN EKSAMENVRAE

WOORDSOORTE – Verwysing: bl. 8 tot 13

1. Vorm 'n werkwoord van *projek* en gebruik dit in 'n verklarende sin.
2. Gebruik die koppelww. in die onderstaande sin as 'n selfstandige ww. in 'n sin van jou eie:
Sin: Hulle was net vriende.
3. Watter soort werkwoord is die woord bevat in die sin:
Dit bevat skadelike samestellings?
4. *Killer en sy hanteerder, Amos Mzimba, het een van die suksesvolste “wapens” teen renosterstropers geword.*
Skryf 'n besitlike voornaamwoord uit bostaande sin neer.
5. *... die heldhaftige Killer ...*
Word die byvoeglike naamwoord heldhaftige hier attributief of predikatief gebruik?
6. *Hoekom is jou wiskunde-handboek so verweer?*
Gebruik “verweer” as selfstandige naamwoord in 'n verduidelikende sin.
7. Benoem die woordsoortelikheid van die onderstreepte woord in die onderstaande sin volledig:
Ons stel bekend ons braaimeesters.
8. *Natuurlik bewonder ek vroue wat gereeld in 'n **katspoegie** water kan bad*
Gee die betekenis van die vetgedrukte woord in bostaande sin met behulp van 'n gepaste intensiewe vorm.
9. Gebruik 'n deeltjewerkwoord/skeibare werkwoord in die onderstaande paragraaf geskei in 'n sin van jou eie.
En elke keer, net nadat ek afgeklim het, my vrees afgeskud het, word ek gegroet deur 'n vriendelike man wat by die deur van die kleedkamer staan en hy sê: “Welcome to my office.”

10. Google die titel ... dié boek is werklik te koop.
Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in bostaande sin.
 11. Paragraaf: *Hallo Ma ... luister na klein Johantjie, Ma! Ek dink hy's besig om die lirieke vir 'n nuwe Afrikaanse treffer te komponeer*
 - 11.1 Watter gevoelswaarde spreek uit die verkleiningsvorm van die woord Johantjie in bostaande paragraaf?
 - 11.2 Benoem die soort selfstandige naamwoord waartoe die woord lirieke behoort.
 - 12 Tot watter woordsoort behoort die onderstreepte woord in die onderstaande sin:
Sin: Hulle ding mee om 6,5 miljoen universiteitsplekke.
 - 13 Gee 'n ander meervoud vir hoofsentra in die sin: *Die eksamen word in hoofsentra afgelê.*
-

SINSLEER – Verwysings: bl. 13 tot 16

1. Skryf in die lydende vorm: *1.2 miljoen boute hou hom daar.*
2. Skryf in die INDIREKTE REDE:
Van Rensburg sê: "Ek kon dit eers nie glo nie, maar toe Maria my daarvan vertel, het my bors van trots geswel."
3. Maak die volgende sin ontkenkend: *Daar is nog steeds baie bendegegeweld in Manenberg.*
4. Skryf in die lydende vorm: Dié groep vroue van Manenberg het in April vanjaar die veldtog van stapel gestuur.
5. Watter soort bysin is die onderstreepte gedeelte in die onderstaande sin?
McIlroy sal sy Nike-gholfstokke en -uitrusting die eerste keer aan die wêreldgehoor wys wanneer hy van môre af hier aan die Aboe Dhabi-kampioenskapstoernooi deelneem.
6. Skryf die voorwerpsin in die onderstaande sin neer:
En verskeie beroepspelers glo hy gaan nog die Amerikaner Tiger Woods se 14 oorwinnings in major-toernooie oortref.
7. Hoe vroue so tydsaam kan wees, gaan sy verstand te bowe.
Benoem die onderstreepte sinsdeel in die bostaandesin.
8. Herskryf die onderstaande sin in die direkte rede:
Ek is onlangs aangesê om asseblief te gaan bad sodat ons kan ry.
9. Skryf in die toekomstige tyd: *Is dit moontlik dat hy nie die verskil kan sien nie?*
10. Skryf in die bedrywende vorm: *Die voorvertoning is deur die groep Four gelewer.*
11. "Ek wil nie die kos verbrand nie," sê Johanna.
Skryf die gesegde van die onderstreepte sin neer.
12. Brei die byvoeglike bepaling (*mense*) met die geloof dat avokado's vetmaak uit tot 'n byvoeglike bysin.
13. *Hy prop blitsvinning vier hoenders in sy rugsak in.*
Skryf die voorwerp van die bostaandesin neer.
14. *Frederik de Jager, uitgewershoof by Penguin Suid-Afrika, stem saam.*
Brei die bostaandesin uit deur die byvoeglike bepaling as 'n byvoeglike bysin te skryf. Skryf die sin volledig oor.
15. Skryf die onderwerpsin wat in die onderstaande sin gebruik is, neer.
Dat dit goeie nuus vir sommige van Afrikaans se gunstelingskrywers is, wat byna deur die bank eerder 'n gedrukte boek verkies, laat geen twyfel nie.

16. *Indien ons dit nie pasklaar gereed het nie, sál ons hemel en aarde beweeg om dit nét vir jou – gewaardeerde kliënt – te vind!*
Skryf net die hoofsin wat in die bostaandesin voorkom, neer.
17. *Sluit net ons deur wanneer julle loop – ons gaan slaap.*
Skryf 'n bywoordelike bysin uit die bostaandesin neer.
18. *Die kleinste bietjie gewikkel maak my bang.*
Skryf die onderwerp van die bostaandesin neer.

GEDIGTE

VERSTEGNIESE MIDDELE BY DIE ONTLEDING VAN GEDIGTE

1. AANGESPROKENE

Dit is die persoon wat deur die spreker in die gedig aangespreek word, d.w.s. met wie die **spreker** praat.

2. ALLEENSPRAAK

'n Alleenspraak of monolog vind plaas wanneer 'n persoon met homself of met 'n stilswyende tweede persoon in gesprek verkeer en bv. al vertellende, belangrike gebeure in sy eie verlede herbeleef.

3. ALLITERASIE

Die herhaling van dieselfde konsonant of medeklinker kort na mekaar. Alliterasie is 'n rymvorm waar die konsonant wat herhaal word, allitereer word om alliterasie te vorm.

WAAROM GEBRUIK DIE DIGTER ALLITERASIE?

- Dit kan gebruik word as klanknabootsing
- Dit kan 'n sekere aspek beklemtoon
- Soms word dit somer as blote versiering gebruik.

4. APOSTROOF

Die apostroof word gewoonlik gebruik om 'n persoon (dood of lewend) in sy afwesigheid aan te spreek. Ook iets abstraks, bv. skoonheid, die liefde, seisoene en konkreets, bv. die see, kan apostrofies aangespreek word. In die gedig, *My siel, Pa*, word die pa dwarsdeur die gedig in sy afwesigheid aangespreek.

5. ASSONANSIE

Wanneer die vokale van woorde kort na mekaar herhaal word, noem ons dit assonansie. Assonansie word gewoonlik gebruik om 'n sekere stemming te skep.

Lang klanke veroorsaak dat 'n mens die woorde stadig móét lees en daarom klink dit meer verhewe, terwyl kort vokale die effek het dat dit haastig, opgewonde, gejaag klink.

6. BELETSELTEKEN (...)

Soms laat 'n skrywer of digter woorde weg en gebruik 'n beletselteken in die plek daarvan, of hy gebruik aan die einde van 'n sin nie 'n punt nie, maar drie stippels.

Soms word hy so ontsteld, ontroer, bevrees, verheug, ens., dat hy sy gevoelens nie in woorde kan uitdruk nie, bv. Die beseerde arbeider wat liever nie sy sin voltooi nie:

“of iemand hom erbarm oor ons lot, of dat gebed...”

Soms wil hy die gedagte dieper laat insink, bv. Die arbeider wat dink aan die lekker kos wat hy graag aan sy gesin sal wil voorsit:

“en op 'n Sondag van die brosgaai rys...” (Voorbeelde uit *Gedagtes van die beseerde arbeider*)

7. ELEGIE

'n Klaaglied, lykdig; treursang – lied oor die dood van 'n beminde.

8. ENJAMBEMENT

Wanneer een versreël “oorloop” in die volgende vers sonder die onderbreking van 'n leesteken, noem ons dit 'n enjambement

WAAROM GEBRUIK DIGTERS SOMS ENJAMBEMENTE?

1. Dit lei die aandag van die rym af ('n mens hoor skaars die rymwoorde). Die rym word so “weggesteek” dat ons dit *rymverdoeseling* noem.
2. Die digter wil ook hê dat die versreëls aaneenlopend gelees moet word, sodat daar 'n deurlopende gedagte geskep word.

9. EUFEMISME

Versagende woord of uitdrukking; verbloeming. Wanneer jy dit wat jy wil sê sagter stel om die harde werklikheid te verbloem.

Vir **sterf** gebruik ons verskeie versagende of eufemistiese terme, bv. *heengaan, nie meer daar nie, ontslaap*.

10. HERHALING

Herhaling is 'n baie algemene verskynsel en effektiewe stylmiddel en in gedigte kan dit beskou word as 'n belangrike boumiddel.

So kry ons hehaling van klanke (bv. klanknabootsing, alliterasie, assonansie, ens.). Woorde en woordverbindings kan herhaal word, versreëls kan herhaal word, so ook strofes. Die funksie van herhaling is dikwels om die indruk of die beeld te versterk, bv. “my siel, Pa ...” wat in elke strofe herhaal word.

11. INTERTEKSTUALITEIT

Intertekstualiteit is die vorming van die betekenis van 'n teks (in hierdie geval 'n gedig) deur ander tekste.

Dit kan verwys na 'n outeur wat uit ander tekste leen of 'n vroeëre teks verwerk of vervorm.

In die geval van “Vrou langs die pad” gebruik die digter, L. Esterhuizen dieselfde struktuur en voorstelling van C.M van den Heever se klassieke gedig “Die gevalle Zulu-Indoena” oor 'n mens wat gesterf het, maar plaas dit in ons kontemporêre ruimte van 'n vrou wat in 'n plakkerskamp woon en wat in 'n tref-en- trapongeluk sterf en langs die pad lê.

12. INVERSIE (omgekeerde woordorde)

Inversie is 'n *omkering van die gewone woordorde*. Soms word inversie gebruik om 'n sekere woord aan die einde van die versreël te plaas net ter wille van rymklank. Dit kan ook gebruik word om 'n sekere woord te beklemtoon of om 'n sekere ritme in die versreël te skep.

13. IRONIE

Die teenoorgestelde van wat verwag word. Die digter of skrywer sê iets, maar iets heeltemal anders word daarmee bedoel.

14. KLANKNABOOTSING (ONOMATOPEE)

Wanneer 'n gehoorde klank (soos die geluid wat geld, 'n kat, bye, 'n voël maak) in woorde nageboots word. (bv. Zoem, brrrrm – brrrrm, ens.)

15. KOEPLET

Strofes van **TWEE VERSREËLS ELK**

As die twee versreëls boonop met mekaar rym, is dit **RYMENDE KOELETTE**.

PAARRYM (aa bb cc dd) bind elke koeplet tot 'n hegte eenheid. Gewoonlik word 'n sekere aspek in elke afsonderlike koeplet behandel.

16. KONTRAS / TEENSTELLING

Hier word *twee uiterstes teenoor mekaar gestel* om sodoende deur **kontras** die aandag sterk te vestig op wat gesê word.

17. KRUISRYM

Wanneer 'n gedig se rymskema abab is (see x blinkgeskuur; beneë x vuur), noem ons dit kruisrym.

18. KWATRYN

Gedig of strofe wat uit **VIERSREËLS** bestaan. Die kwatryn verleen hom daartoe dat al die verskillende rympatrone daarmee gebruik kan word, bv. paarrym, omarmde rym, kruisrym, ens.

19. METAFOOR

'n Digter gebruik 'n metafoor wanneer hy nie twee sake langs mekaar stel soos in 'n vergelyking nie, maar die een direk in die plek van die ander. 'n Metafoor moenie as 'n "beknopte vergelyking" gesien word nie, maar 'n heeltamal oorspronklike woordskepping:

Piet is so nors soos 'n buffel vandag. - vergelyking.

Piet is darem vandag 'n buffel. - metafoor

Die ou buffel! Hoor wat sê hy. - metafoor

20. OKSIMORON

Stylfiguur waarby twee teenoorgestelde begrippe, beelde of voorstellings met mekaar verbind word, bv. Onnosele slimkop of ou nuus. Die teenstelling bestaan uit **twee woorde** wat op die oog af verkeerd lyk, dit is dus 'n opsetlike teenstrydigheid.

21. OKTAAF

'n Strofe wat bestaan uit 8 versreëls. 'n Italiaanse sonnet bestaan gewoonlik uit 'n oktaaf en 'n sekstet. Die oktaaf in 'n Italiaanse sonnet kan ook bestaan uit twee kwatryne.

22. OMARMDE/ OMARMENDE RYM

Wanneer die gedig se rymskema *abba* (draai –uur- vuur- laai) is. Die rymklanke bind die vier verse tot 'n eenheid.

23. PAARRYM

Wanneer 'n gedig se rymskema *aabb* is, noem ons dit paarrym. Dieselfde rymklank bind die twee rymende verse tot 'n eenheid.

24. PARODIE

'n Parodie of hekeldig is 'n spottende nabootsing van 'n ernstige geskrif. Dikwels word die skrywer se styl of skryfwyse geparodeer of belaglik gemaak.

25. PERSONIFIKASIE

Wanneer ons aan die natuur of aan lewelose voorwerpe, diere en abstrakte begrippe menslike eienskappe toeskryf, noem ons die verskynsel personifikasie. **Personifikasie** kom dikwels in gewone spreektaal voor, bv. Die koppie se *oor*, die *voet* van die berg, die *tafel* se *poot*, ens.

L.W: Dit is nie genoeg om die voorbeelde van personifikasie in 'n gedig raak te sien nie, jy moet ook nadink oor die geslaagdheid daarvan. Waarom gebruik die digter nou juis hierdie personifikasie?

26. POLISINDETON

Dit verwys na die herhaling van die woord **en**, bv. "*en hyg en skok en snork en swoeg opdraand*" (**Busrit in die aand**). Dit dui in hierdie geval 'n aaneenskakeling van aksies/bewegings aan.

27. PROGRESSIE

In 'n gedig is daar PROGRESSIE (voortuitgang, ontwikkeling) wanneer die gegewens oploop tot 'n **KLIMAKS (hoogtepunt)**. Die progressie is soms te sien in die woorde wat in 'n sekere volgorde of patroon georden is, bv snik, huil, kerm, ween... Dit laat 'n mens dink aan trappe van vergelyking: hoog, hoër, hoogste of erg, erger, ergste.

28. REFREIN

'n Refrein is 'n vers of 'n strofe wat telkens terugkeer of herhaal word. Die refrein word dikwels gebruik by liedere, veral volksliedere – dan word dit soms 'n *koor* genoem wat na elke strofe gesing word.

29. RITME

Die woord RITME is afgelei van die Griekse woord wat “stroom” beteken. In die natuur is daar baie voorbeelde van ritmiese herhaling, bv. dag en nag, die seisoene wat mekaar afwissel, ons hartklop, of asemhaling. In gedigte is ons gewoonlik ook bewus van die ritme wat die digter handhaaf: die afstand tussen die een aksent en die volgende aksent.

30. RYMENDE KOELETTE

Strofes van twee reëls elk is koelette. As hierdie koelette boonop met mekaar rym, noem ons dit RYMENDE KOELETTE.

31. SATIRE

'n Satirikus is iemand wat op spottende wyse oor iets skryf. Waarmee word gewoonlik in 'n satire gespot? Menslike swakhede, allerlei dwaashede of ook wantoestande word bespotlik voorgestel – juis sodat 'n mens daarvoor moet nadink of aangespoor word om dit uit te skakel.

32. SEKSTET (SESTET)

'n Strofe wat uit 6 versreëls bestaan. In die Italiaanse sonnet kan die sekstet ook bestaan uit 3 tersines van drie versreëls elk.

33. SINEKDOGEE

Dit kom voor wanneer 'n **gedeelte** genoem word, maar daar word eintlik na die **geheel** verwys, bv. “en nuuskierige hande” (last grave at dimbaza). Hier word slegs na **hande** genoem, maar die bedoeling is eintlik dat daar **nuuskierige mense** by die geboorte was.

34. SIMBOOL

'n Simbool is 'n **teken** wat 'n saak verteenwoordig. Dit is dus 'n *voorwerp* wat iets anders, gewoonlik 'n *abstrakte saak*, verteenwoordig.

As die simbool nie raakgesien word nie, bly dit net 'n teken of voorwerp. 'n Kruis sal bv. niks beteken vir heidinne nie, want hulle is nie bewus van die simboliese betekenis daarvan nie. Vir 'n Christen is dit 'n herinnering aan sy geloof. So kry 'n teken dan 'n nuwe, ryker waarheid, 'n “dieper” betekenis en dit word **simboliek** genoem.

Water kan bv 'n simbool van reinheid wees; 'n Kroon is simbolies van koningskap; 'n duif is simbolies van vrede, ens.

35. SUBTITEL

Dit is die “*ondertitel*” van die gedig of verhaal, wat ons gewoonlik meer inligting gee omtrent die inhoud van die gedig as die titel self.

36. SPREKER

Dit is die persoon wat die digter in die gedig “aanstel” om in die gedig te praat, bv.

Gedagtes van 'n beseerde arbeider: die spreker is die beseerde arbeider

Ek is ook important: 'n Kaapse straatveër wat besig is om die straat skoon te maak.

Ken jy die see: 'n visserman wat die prys van sy vis verdedig

37. TIPOGRAFIE EN TIPOGRAFIESE WIT

Oop ruimtes binne 'n gedig word die **Tipografiese wit** genoem. T.T Cloete noem dit “*luisterholtes*”, want dit suggereer stilte. Soos met enige verstegniek moet die leser dit nie net raaksien nie, maar homself afvra: Wat is die betekenis daarvan in die gedig?

Tipografie verwys ook na hoe die digter woorde alleenplaas, op 'n spesifieke manier tik, (bv. Uitheffing: *ek is oek important*) juis om die leser se aandag daarop te vestig. Tipografie is dus hoe die gedig op die blad vertoon. Weereens moet die leser homself afvra wat is dit waarop die digter sy aandag wil vestig?

38. VERGELYKING

'n Vergelyking ontstaan wanneer die skrywer twee sake van uiteenlopende aard met mekaar vergelyk of gelykstel. Die skakel tussen die voorwerp en die beeld is gewoonlik die woorde **soos**, **nes** en **net soos**. Ons kan die vergelyking voorstel as 'n weegsklaal. Daar is twee kante. Jy moet duidelik kan sien wat word waarmee vergelyk.

39. VRYE VERS

Hierdie digvorm verskaf aan die digter meer vryheid, omdat dit geen vaste vorm het nie. Baie keer is daar geen vaste rymskema nie. Die **lengte** van **versreëls** en **strofes wissel**.

Vrye vers het dus **nie 'n vaste rymskema**, wat verskillende verse en strofes aan mekaar bind nie, maar daar is ander skakels. Dikwels is daar **woorde wat herhaal word**, gedagtes wat met ander in die gedig verband hou, herhaling van dieselfde klanke. Al hierdie soort elemente help om die gedig in 'n eenheid saam te bind.

Soms bestaan die gedig net uit een sin, (bv. *Ek is oek important*). Maar in hierdie sin noem die digter 'n hele klomp goed op. So 'n *opeenstapeling of opnoem* is nog 'n kenmerk van die vrye vers. Dit is belangrik dat wanneer 'n mens vrye vers ontleed, jy al die skakels moet soek wat die gedig tot 'n hegte eenheid bind, sodat die betekenis en boodskap daarin duidelik blyk.

40. WOORDSPELING

Dit kom voor wanneer 'n digter “speel” met die verskillende betekenis wat 'n woord kan hê. Soms word woordspeling gebruik ter wille van die grappige indruk wat daardeur gewek word, maar veral sodat die woord weer “nuut” kan wees.

HERSIENINGSTABEL VIR GEDIGTE

	Twee kleuters in die Vondelpark	Besoekersboek	Oupa Thomas Daniel Granfield
Betekenis van die titel			
“Storie”			
Bou (uiterlik en innerlik)			
Rym			
Beeldspraak & Stylfigure			
Woordbetekenis			
Klanke			
Leestekens			
Tema			
Stemming en toon			

Twee kleuters in die Vondelpark (Elisabeth Eybers)

1. Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
2. 'n klein oneindigheid land hand-in-hand.

3. Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
4. gesplete hart van hals en dubbelhals,
5. geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
6. geslote snawel dynserig vervals
7. met eenkant lug en water anderkant.

8. Versadig van die roerlose gesig
9. pluk hy-die seuntjie-plotseling aan haar hand
10. vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
11. as sy nog strompelend omkyk na die swaan.

12. Verby die bome druis die straatruoer.

13. Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
14. bromfiets tot motor, sal hy konstateer
15. -die wiel sy odeteken-dat hy lid
16. is van die kollektiewe Lilliput.

17. Maar sý sien webbe onderwater roer.

18. Miskien is dit die laaste dag van staar
19. en grondelose verwondering. Wat sou
20. hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
21. 'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
22. 'n doktrinêre Hollandse meneer?
23. En sý 'n druk slagvaardige mevrou
24. met 'n allure van dít-is-soos-dit-is?

25. Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

Moontlike eksamenvraag:

Bespreek die kontraste tussen die seuntjie en die meisie soos dit in die gedig voorkom.

(10)

Die sagte sprong (Sheila Cussons)

1. Dit kom wanneer dit nie verwag
2. word nie: 'n aanraking van die verstand
3. lig soos 'n veer, vlugtig maar presies
4. en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
5. dat die aandag nog lank daarna
6. die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?
7. : dit kom wanneer dit nie verwag
8. word nie: iets wat die bewussyn tot
9. in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong –
10. vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
11. hoe moet u vasvat wees?

Moontlike eksamenvrae:

1. Watter twee woorde in reëls 2 – 6 dui aan dat die verstand betrek word? (2)
2. Watter woorde in reël 9 – 11 dui aan dat die bewussyn betrek word? (2)
3. Verklaar “vlugtig maar potent” (reël 4) in jou eie woorde. (1)
4. Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die begin van reël 7? (1)
5. Watter woord word in die gedig as 'n antitese vir “ligtheid” gebruik? (1)
6. Waarna verwys die titel van die gedig? Verwys veral na die dieper betekenis van die woorde “sagte” en “sprong”. (2)

Besoekersboek (Fanie Olivier)

1. op die sel se mure het iemand uitgekrap
2. (of liever: ingekrap): sy naam en al die dae
3. van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
4. deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

5. wie was dié peter? waar kom pam vandaan?
6. hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
7. sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
8. het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

9. ek loer na die hiërogliewe. 'n boer het my gewys
10. waar jagtonele oorgebly het teen die krans
11. vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys
12. lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

13. 'n kind hoes seer; 'n lam huil stomgemaak. ek skraap
14. moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

Moontlike eksamenvrae:

1. Wat is die funksie van die tweede dubbelpunt in reël 2? (1)
2. Noem drie kwessies wat deur die graffiti in strofe 2 aangespreek word. (3)
3. Watter boodskap word in strofe 3 deur die verwysing na hiërogliewe en jagtonele oorgedra? (1)
4. Benoem die rymskema in die eerste drie strofes. (1)
5. Benoem en verduidelik die betekenis van die stylfiguur in “huil stomgemaak” (reël 13). (2)
6. Gee 'n samevatting van die tema van die gedig. (2)

oupa Thomas Daniel Granfield (Ronelda Kamfer)

1

1. dis vandag my oupa Thomas
2. se verjaardag
3. dit sou gewees het
4. hy is dood
5. toe ek in matriek was
6. dis al wat ek regtig van
7. matriek kan onthou

8. die oggend toe die telefoon lui
9. het my ma nie kom sê nie
10. sy en my pa het opgestaan
11. en is weg hospitaal toe

12. al die grootmense, my oupa se kinders en hulle
13. mans en vroue is hospitaal toe

14. ek wou saamgaan
15. ek wou net my oupa
16. belowe dat ek okay sou wees
17. dat ek eendag 'n boek gaan skryf
18. en hom nooit sal vergeet nie
19. en dat ek die liefste vir hom was

20. my ma het 'n paar uur later
21. gebel om te sê dat ek vir my en my suster moet kos maak
22. sy het niks gesê van my oupa nie
23. haar woorde het soos vlermuise om my gevlieg

24. ek het gewag vir iets
25. vir Pappa is dood
26. of dis verby of hy's oorlede
27. maar sy't aanhou praat oor kos
28. toe ek haar uiteindelik stop en vra
29. het die vlermuise aanhou vlieg

30. "ja, vroeg vi oggend"

2

31. die swaarste vir my was nie dat my oupa dood was nie
32. maar
33. dat die aarde aanhou draai het
34. dat ek aanhou leef het
35. dat alles wat verkeerd was nog steeds verkeerd is
36. dat ek kon slaap en wakker word

37. matriek slaag en aan 'n toekoms dink
38. die ergste van alles was dat ek alles kon doen
39. wat ek moes doen
40. en al wat ek regtig wou doen was om te huil
41. ek wou dae aaneen huil
42. ek wou sy leeftyd uithuil
43. ek wou huil vir wie hy was en vir wie hy kon wees
44. ek wou huil oor die onregverdigheid
45. en ek wou huil omdat hy regtig lief was vir my
46. en omdat ek geweet het dat hy lief was vir my

47. vandag
48. jare na sy dood
49. onthou ek eending van oupa Thomas

50. *“niemand kan jou seerder maak as jy jousef nie”*

Jy kan ook na Prof. Louise Viljoen (Universiteit Stellenbosch) se bespreking van hierdie gedig en die gedig 'n Brief van hulle vakansie (Breyten Breytenbach) kyk deur op die skakel <http://www.litnet.co.za/louise-viljoen-bespreek-voorgeskrewe-gedigte-die-lok-simposium-2017/> te klik.

Moontlike eksamenvrae:

1. Hoe noem ons 'n strofe soos strofe 3 wat uit twee reëls bestaan? Waarom is hierdie strofepou hier gepas? (2)
2. Watter afleiding kan die leser uit reël 16 maak? (1)
3. Wat, dink jy, verteenwoordig vlermuise wat om haar vlieg (reël 24 en reël 30) vir die spreker? (2)
4. Waarom is reël 31 tussen aanhalingstekens? (2)
5. Wat is die geïmpliseerde betekenis van die woorde “vir wie hy kon wees” in reël 45? (2)
6. Wat is die toon/stemming van hierdie gedig? (1)
7. Hoe kan 'n mens die inhoud van die twee dele in die gedig saamvat? (2)